basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**MUSIEK V1**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 34 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** **(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 ÓF 2.2 ÓF 2.3**
**EN VRAAG 3.1 ÓF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 ÓF 4.2.**

**VRAAG 1** **(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.1 Benoem die toonsoort waarheen hierdie uittreksel moduleer.

**Antwoord:** B-mol majeur *1 punt* (1)

1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1.

**Antwoord:**
- Die A-herstel word as die nuwe leitoon gebruik
- Maat $7^3$ tot 8: V tot I (volmaakte kadens in B-mol majeur)

*1 punt* (1)

1.3 Skryf die korrekte tydmaatteken op beide notebalke in die blokkie wat op die partituur verskaf is.

**Antwoord:** Sien partituur

*$\frac{3}{4}$ = 1 punt*
*(Minus ½ punt indien dit nie op beide notebalke op die partituur geskryf is nie)* (1)

1.4 Benoem die interval by (a) volgens tipe en afstand.

**Antwoord:**
Saamgestelde mineur 3^de^ (terts) /Mineur 10^de^ (desiem)

*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)

1.5 Benoem die omkering van die interval by (b) volgens tipe en afstand.

**Antwoord:**
Majeur 2^de^ (sekunde)

*1 punt*
*Geen ½ punte* (1)


1.6 Beskryf die drieklank by (M) volgens tipe en posisie.

**Antwoord:**
Mineur (*½ punt*), grondposisie (*½ punt*)


*½ + ½ = 1 punt* (1)

1.7 Herskryf die drieklank by (N) in die altsleutel en behou dieselfde toonhoogte.

**Antwoord:**



**OF**



*Sleutel = ½ punt*
*Note = ½ punt* (1)

1.8 Herskryf (X) deur 'n ooreenstemmende saamgestelde tydmaatteken te gebruik. Maak seker dat die musiek dieselfde klink. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**



*Tydmaatteken = ½ punt*
*Notasie = ½ punt per maatslag = 1½ punt* (2)

1.9 Transponeer (Y) 'n majeur sekunde (2^de^). Dui die nuwe toonsoortteken aan.

**Antwoord:**



*Toonsoortteken = 1 punt*
*Notasie = 1 punt*
*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt* (2)


1.10 Gee 'n Italiaanse term vir die haarnaaldteken in maat 5.

**Antwoord:**
Crescendo

| 1 punt | (1) |
|---|---|

1.11 Watter TWEE note sal in maat 5 (G-sleutel) weggelaat moet word om 'n majeur pentatoniese toonleer te vorm wat op E-mol begin? Omkring hierdie TWEE note op die partituur.

**Antwoord:**



| ½ + ½ = 1 punt | (1) |
|---|---|

1.12 Verander die gegewe toonleer van maat 4 hieronder na 'n opgaande melodiese mineurtoonleer wat op E-mol begin.


**Antwoord:**



| G-mol = 1 punt | (1) |
|---|---|

1.13 Omkring EEN melodiese omkering van die motief (Z) in maat 6 tot 7 in die boonste stemparty. (1)

**Antwoord:**




| Enige EEN paar note = 1 punt | (1) |
|---|---|


**[15]**

**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2 ÓF VRAAG 2.3.**

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.


**Konsepantwoord:** Instrument: Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool, ens.
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.




**OF**

2.2

**Konsepantwoord:** Instrument: Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool, ens.
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.


<table>
<tr><th>BESKRYWING</th><th colspan="3">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Vorm en kadenspunte</td><td colspan="2">1 punt per frase x 3</td><td>3</td></tr>
<tr><td>Korrektheid<br>Nootstele, polse per maat, skuiftekens, spasiëring, groepering</td><td colspan="2">Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte</td><td>2</td></tr>
<tr><td rowspan="4">Kwaliteit<br>- Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir die gekose instrument<br>- Toepaslikheid van tempo, artikulasie en dinamiese aanduidings verhoog die kwaliteit van die antwoord<br>- Musikaliteit</td><td>9–10</td><td>Uitstekend<br>Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme</td><td rowspan="4">10</td></tr>
<tr><td>7–8</td><td>Goed<br>Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat</td></tr>
<tr><td>4–6</td><td>Gemiddeld<br>Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos</td></tr>
<tr><td>0–3</td><td>Onaanvaarbaar<br>Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="2">Nasieners mag ½ punte gebruik</td><td>15</td></tr>
</table>

**[15]**

**OF**

2.3 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasie om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir 'n stem te skep. Noem die stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE.

**Konsepantwoord:** Stemtipe: Sopraan/Alt/Tenoor/Bariton/Bas
Tempo: Moderato/Allegretto, ens.




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | *1 punt per frase x 3* | | 3 |
| **Korrektheid**<br>Solfanotasie, dubbelpunte, kommapunte en aandagstrepe | *Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte* | | 2 |
| **Kwaliteit**<br>- Kwaliteit van melodie en toepaslikheid van die omvang<br>- Toepaslikheid van tempo en dinamiese aanduidings verhoog die kwaliteit van die antwoord<br>- Musikaliteit | 9–10 | ***Uitstekend***<br>*Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme* | 10 |
| | 7–8 | ***Goed***<br>*Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat* | |
| | 4–6 | ***Gemiddeld***<br>*Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos* | |
| | 0–3 | ***Onaanvaarbaar***<br>*Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend* | |
| **TOTAAL** | *Nasieners mag ½ punte gebruik* | | **15** |

**[15]**

## VRAAG 3 **(10 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (h) op die partituur deur Romeinse syfers te gebruik, bv. vii$^{o6}$/vii$^{o}$b.

| **Antwoord:** | Sien partituur | *1 punt per akkoord = 8 punte*<br>*Minus ½ punt indien omkering verkeerd is* | (8) |
|---|---|---|---|

3.1.2 Benoem die kadens by maat 7 tot 8.

| **Antwoord:** | Onvolmaak (kadens) | *Kadens = 1 punt*<br>*Slegs besyfering (ii – V) = ½ punt* | (1) |
|---|---|---|---|

3.1.3 Lewer kommentaar op die baslyn in maat 1 tot $3^2$.

**Antwoord:**
- Pedaalpunt (tonika)
- Herhaalde G in die bas terwyl die harmonie in die boonste stemparty verander

*Enige EEN = 1 punt* (1)

3.1.4 Identifiseer die foutiewe stemvoering wat deur die hakies in maat $7^3$ tot $8^1$ aangedui word. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| **Stemvoering** | **Antwoord** |
|---|---|
| Skuinsbeweging | |
| Parallelle kwinte ($5^{des}$) | **X** |
| Beweging in teenoorgestelde rigting | |
| Parallelle oktawe | |

*Parallelle $5^{des}$ = 1 punt* (1)

3.1.5 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

**Antwoord:**

(i) Terughouding *= 1 punt*
(ii) Deurgangsnoot *= 1 punt*
(iii) (Onderste) Wisselnoot *= 1 punt*
(iv) Vooruitneming *= 1 punt* (4)

**[15]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (h) en skryf akkoordsimbole in die spasies verskaf bokant die balke, bv. $B^b$/D.

**Antwoord:** Sien partituur

| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 8 punte* |
| *Minus ½ punt indien omkering verkeerd is* |

(8)

3.2.2 Benoem die kadens wat by (Z) gevorm word.

**Antwoord:** Volmaakte kadens

| |
|---|
| *Kadens = 1 punt* |
| *Slegs besyfering ($G^7$ – C) = ½ punt* |

(1)

3.2.3 Lewer kommentaar op die harmoniese funksie van die B-noot in die G-sleutel by maat 12.

**Antwoord:**
- Dit skep 'n $A^9$-akkoord
- 'n Uitbreiding van die $A^7$-akkoord
- Boonste noot van die (sekondêre) uitgebreide dominant akkoord
- (Beklemtoonde) appoggiatura

*Enige EEN* (1)

3.2.4 Wat is ongewoon aan die subdominant-akkoord in maat 10?

**Antwoord:**
- Modale plaasvervanger van die subdominant
- 'n Mineur akkoord waar 'n majeur sewende akkoord verwag word (F in C majeur)
- Die akkoord is chromaties aangepas
- Dit is ongewoon vir 'n mineur $7^{de}$-akkoord om 'n majeur $7^{de}$ te bevat
- Fmin($Maj^7$)

*Enige EEN* (1)

3.2.5 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

**Antwoord:**

| | | |
|---|---|---|
| (i) | Terughouding | *= 1 punt* |
| (ii) | (Boonste) Wisselnoot | *= 1 punt* |
| (iii) | Deurgangsnoot | *= 1 punt* |
| (iv) | Vooruitneming | *= 1 punt* |

(4)
**[15]**

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

4.1 4.1.1 Demonstreer 'n kadensiële tweede-omkering-akkoordprogressie met 'n onderbroke kadens.




| |
|---|
| *1 punt per akkoord = 3 punte* |
| *Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt per akkoord* |

(3)

4.1.2 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.

**Konsepantwoord:**



Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Korrektheid:**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | **10** |
| **Akkoordprogressie:**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | *1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5)* | **9** |
| **Kwaliteit:**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit | *Uitstekend = 4–5 punte*<br>*Goed = 3–3½ punte*<br>*Gemiddeld = 2–2½ punte*<br>*Swak = 0–1½ punte* | **5** |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 24 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | **24**<br>**(÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | **12** |


(12)
**[15]**

*Kandidate moet krediet kry vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Besyfering dien as 'n riglyn, maar geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.*

**OF**

4.2 4.2.1 Voltooi die harmoniese progressie hieronder deur akkoorde by die bassleutel in te vul. Gebruik heelnote.

**Antwoord:**





*1 punt per akkoord = 3 punte*
*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt per akkoord* (3)


4.2.2 Voltooi die stuk hieronder deur geskikte harmoniese materiaal by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 gesuggereer word.

**Konsepantwoord:**

Chord progression:
Akkoordprogressie:




Correctness:
Korrektheid:



Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| **Korrektheid:**<br>Notasie, spasiëring, stemvoering | *Minus ½ punt per fout maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | | **10** |
| **Akkoordprogressie:**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | *1 punt tussen elke paar akkoorde (behalwe tussen maat 4 en 5 en 8)* | | **8** |
| **Kwaliteit:**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit | *Uitstekend*<br>*Goed*<br>*Gemiddeld*<br>*Swak* | *= 5–6 punte*<br>*= 3½–4½ punte*<br>*= 2½–3 punte*<br>*= 0–2 punte* | **6** |
| | *Nota aan die nasiener:*<br>*Punt uit 24 moet nie 'n ½ punt bevat nie* | | **24<br>(÷ 2)** |
| **TOTAAL** | | | **12** |

(12)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)

**AFDELING B, C, D en E moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.**

*Nota aan die nasiener: Een punt word vir elke korrekte feit toegeken. Kandidate moet gekrediteer word vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn gegee word nie.*

## AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

### VRAAG 5

| | **Antwoord:** | |
|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 | D |
| | 5.1.2 | C |
| | 5.1.3 | D |
| | 5.1.4 | B |
| | 5.1.5 | C |

*5 x 1* (5)

5.2 Waardekettingproses sluit die volgende stappe en rolspelers in:

- Komponis skryf die werk
- Word by 'n publikasiemaatskappy ingedien of publiseer self
- Registreer die werk by SAMRO
- Bemark die werk deur die media
- Stel dit vir aankope beskikbaar
- Kunstenaar/Venue verkry lisensie om die werk in die openbaar uit te voer
- Organiseer lewende konsert met die produksiespan, musikante en klankingenieurs
- SAMRO versprei tantième aan die komponis

*VYF korrekte antwoorde* (5)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

*Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyn puntsgewys weergegee is, mag die kandidate in volsinne antwoord.*

## VRAAG 6

**Antwoord:**

6.1. 6.1.1 C
6.1.2 D
6.1.3 D
6.1.4 B
6.1.5 A

*5 x 1* (5)

6.2 Maak gebruik van 'n sikliese harmoniese progressie/herhaalde harmoniese frasestruktuur (I–IV–$I^6_4$–V)

*1 x 1* (1)

6.3
- kitaar
- Afrika-tromme
- baskitaar
- fluit
- elektroniese klawerbord

*TWEE korrekte feite* (2)

6.4 6.4.1 ONWAAR
6.4.2 WAAR
6.4.3 WAAR *3 x 1* (3)

6.5
- Vrye jazz, blues en rock invloede vanuit Noord-Amerika
- Kitaarverwerking en improvisatoriese styl deur musikante soos Wes Montgomery en John McLaughlin
- Gebruik dikwels die 12-maat blues struktuur
- Melodieë, perkussie en tale is afkomstig van Bapedi en vhaVenda
- Afrika-ritmes word deur die bongo en malombo tromme verskaf

*TWEE korrekte feite* (2)

6.6
- Twee of meer kontrasterende ritmiese motiewe
- Word terselfdertyd gebruik

*TWEE korrekte feite* (2)
**[15]**

## VRAAG 7

| | |
|---|---|
| **Ooreenkomste** | • Roep en antwoord<br>• Majeur tonaliteit<br>• Akkoordstruktuur: I – IV – $I^6/_4$ – V<br>• Sikliese harmoniese progressie<br>• 4/4 (enkelvoudige vierslagmaat) tyd<br>• Sluit dansbewegings in |

*VIER korrekte feite* (4)

| **Verskille** | ***Melodi Yalla*** (Mahlathini and the Mahotella Queens) | ***Wamuhle*** (Soul Brothers) |
|---|---|---|
| **Hoofinstrumente** | Kitaar | Orrel |
| **Sangstyl** | Hard en grof | Sagter en ligter |
| **Kombinasie van sangers** | Manshoofsanger en vroue-agtergrondsangers | Slegs mans |

*DRIE ooreenstemmende feite* (3)
**[7]**

## VRAAG 8

**Rol van musiek in inisiasie**
**Vroue**
- Die rol van musiekinstrumente gedurende inisiasie is om geeste te beliggaam en om diere na te maak
- Inisiate kan klein modelle van diere skep en dan liedjies komponeer wat verband hou met hierdie modelle. Die rol van die liedjies is om inisiate verskillende menslike eienskappe aan te leer.
- Tydens vroulike inisiasie word 'n trom (moropa) gedurende die aand deur ouer vroue geslaan vir die volle duur van die inisiasie, om seker te maak dat vreemdelinge nie naby aan die inisiasieskool kom nie
- Die ngoma-trom word tydens domba-inisiasie gespeel wanneer gewyde rituele uitgevoer word
- In die vhaVenda-kultuur dien 'n luislang as 'n simbool van vrugbaarheid en word die luislangdans gedurende domba gedans as 'n teken van die inisiate se vrugbaarheid en gereedheid om families te begin

**Mans**
- Die lirieke van inisiasieliedere (likoma) leer kultuurwaardes
- Wanneer die inisiate pyn ervaar tydens die besnydenisproses sing hulle mokorotlo-liedere om hul manlikheid te versterk en die pyn te verminder
- Liedere soos mangae word deur die inisiate in die openbaar gesing aan die einde van die inisiasieperiode as 'n teken van trots in hul nuwe status as mans

**Mans/Vroue**
Tuiskomsliedere soos mekgolokwane word gesing wanneer inisiate terugkeer ná inisiasie

*VYF korrekte feite* **[5]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 9**

9.1
- Lied: *Kuke Kwagijim' Iveni*
- Kunstenaar: Mfaz' Omnyama

*TWEE korrekte antwoorde* (2)

9.2 **Vokale kenmerke**
- Die roep van die hoofsanger word deur die mansagtergrondsangers beantwoord
- Beperkte vokale omvang (bly binne 'n oktaaf)
- Vokale glissandi of toonhoogtebuiging word gebruik
- Krepitasies word gebruik om die musiek op te kikker
- Izibongo is baie vinnig
- Izibongo word in 'n hoë stemtoon gepraat

**Instrumentale kenmerke**
- Die lied begin met izihlabo wat op 'n akoestiese kitaar met staalsnare gespeel word
- 'n Oorwegend perkussiewe klank word geproduseer
- Die izihlabo word op 'n dalende motief gebaseer
- Die motief is in vrye metrum en ritme
- Maak gebruik van die ukupika-tegniek regdeur die lied
- 'n Tweede kitaar maak van ukuvamba gebruik

*SES korrekte feite*
*Vokale kenmerke = 3 punte*
*Instrumentale kenmerke = 3 punte* (6)

**[8]**

## VRAAG 10

**Voorbeeld van 'n inleiding**
Kwêla is penniefluit-gebaseerde, jive-musiek met marabi invloede wat gedurende die 1950's populêre opgang gemaak het.

**Harmonie**
- Gebruik die tipiese twaalfmaat-blues progressie
- Sikliese harmoniese progressies is algemeen
- Voorbeelde van akkoordprogressies:
  - I – IV – $I^6/_4$ –V
  - I – I – IV – V
- Die harmoniese siklus duur gewoonlik twee of vier mate
- Harmoniese ritme word op 'n halfnoot in 'n 4/4-maat (halfmaat) gebaseer

**Melodie**
- Kort herhalende melodiese motiewe
- Is in noue verband met die akkoordnote van die harmoniese progressie
- Gebroke-akkoordnote dien as 'n prominente kenmerk van kwêla-melodieë
- Toonleerpassasies kom algemeen voor
- Penniefluitmelodieë is hoofsaaklik in 'n majeurtoonsoort
- Solomelodieë word soms versier en ontwikkel deur middel van improvisasie

**Ritme**
- Die ritme word as 'n skoffeldans beskryf (  )
- Die basiese ritme in kwêla word deur die kitaar eerder as die tromstel verskaf
- Die perkussielyn versterk hoofsaaklik die kitaarparty
- Kwêla word ge-swing en bevat blues-agtige 'breaks'
- Tromstel gebruik soms die 'kick' of 'fill' om die einde van 'n viermaatsiklus of vers aan te dui
- Sommige penniefluitkomposisies word op Latyns-Amerikaanse ritmes gebaseer
- Die ritmiese basis van kwêla is afkomstig van 'n enkelvoudige vierslagmaat ($^4/_4$) en swing-gevoel soos in 'n tipiese Count Basie big band
- In sommige liedere word 'n subtiele twee-teen-drie kruisritme tussen die instrumente gehoor
- Die afwissel-tegniek (of hoketus) is prominent in komposisies wat uitroepe of 'n gefluit op die agstenote tussen maatslae bevat

*SES korrekte feite*
*Ten minste EEN feit van elke element*

**Populêre opgang**

- Kwêla is hoofsaaklik in Sophiatown gedurende die 1950's gevind
- Kwêla vind sy oorsprong in:
  - Amerikaanse Jazz
  - Boogie-Woogie
  - Marabi
- Word gesien as 'n simbool van weerstand teen onderdrukking
- Straatkunstenaars het hul penniefluite gebruik om ander te waarsku wanneer die polisie arriveer
- Die gewildheid van kwêla bring Suid-Afrika onder die aandag van die wêreld en help om bewusmaking van die politieke omstandighede weens apartheid te skep
- Die penniefluit het 'n noue verband met die tradisionele blaasinstrumente (fluite) van die inheemse kulture gehad
  - Dit kom ooreen met 'n groot verskeidenheid fluite wat in tradisionele musiek gebruik word (soos die tradisionele fluit met drie vingergaatjies wat deur die veeherders gebruik is)
  - Dit was 'n goedkoop/bekostigbare en draagbare instrument
  - Dit kon as beide 'n solo- of ensemble-instrument gebruik word
  - Ideaal vir straatmusikantsuitvoering (individuele uitvoering op straat)

*VIER korrekte feite*

**Kunstenaar en Trefferliedjie/Album**

- Spokes Mashiyane – *Banana ba Rustenburg*; Phata, Phata
- Lemmy Mabaso – *See you later*
- Elias Lerole – *Mafikeng*

*TWEE korrekte antwoorde*
*EEN lied/album en EEN ooreenstemmende kunstenaar*

**Voorbeeld van 'n slotparagraaf**

Kwêla vestig sigself as 'n oorspronklike Suid-Afrikaanse styl en gaan voort om deel van die inheemse Afrika-musiekidentiteit te vorm.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| Elemente | | | 6 |
| Populêre opgang | | | 4 |
| Kunstenaar en trefferliedjie/album | | | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Redelik***<br>*'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar***<br>*Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

*Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyn puntsgewys weergegee is, mag die kandidate in volsinne antwoord.*

### VRAAG 11

11.1 **Antwoord:**

11.1.1 C
11.1.2 D
11.1.3 B
11.1.4 B
11.1.5 A

*5 x 1* (5)

11.2 Maak gebruik van 'n sikliese harmoniese progressie/herhaalde harmoniese frasestruktuur (I–IV–$I^6_4$–V)

*1 x 1* (1)

11.3
- klavier
- pedaalorrel
- banjo
- bas (instrument)

*TWEE korrekte antwoorde* (2)

11.4 11.4.1 ONWAAR
11.4.2 WAAR
11.4.3 WAAR

*3 x 1* (3)

11.5
- Amerikaanse Jazz/Blues
- Portugese fados
- Engelse ballades
- Jiddische volksmelodieë
- Internasionale popkultuur (kommersiële musiek)

*TWEE korrekte antwoorde* (2)

11.6
- Sy nuwe klank vermeng Duke Ellington se klassieke swing-styl met etniese township-ritmes, jazz-rock, vrye jazz en McGregor se verwerkings
- Sy musiek beïnvloed Europese orkeste se gebruik van die roep-en-antwoord met 'n tipiese Afrika stilistiese aanslag
- Sy komposisies beweeg weg van die hoogs gestruktureerde komposisionele aspekte van big band-musiek en laat meer ruimte toe vir vryheid onder die spelers om met improvisasie te eksploreer en meer buigsaam tydens 'n uitvoering te wees

*TWEE korrekte feite* (2)
**[15]**

**VRAAG 12**

***Ujomela* deur Makgona Tsohle Band**

- Instrumentaal kitaargedrewe mbaqanga, geen stemme
- Begin kortliks met 'n inleiding op die kitaar
- Gebruik Westerse instrumente, bv. elektriese kitaar
- Instrumentasie sluit in: bas, leierkitaar, tromme en ritmekitaar
- 'n Mengsel van vroeër style van marabi en kwêla, maar bevat 'n meer kragtiger klank en sterker voortstuwende maatslag as marabi/kwêla
- Samesmelting van tradisionele Afrika-musiek en Westerse musiekelemente
- Akkoordprogressie I – IV – V – I-siklus oor 'n bonsende 8/8-ritme
- Swaar baslyn is 'n prominente kenmerk
- Roep-en-antwoord word tussen die kitaarspeler en die agtergrondorkes gebruik
- Het 'n herhalende akkoordsiklus

*SEWE korrekte feite* **[7]**

**VRAAG 13**

**Kaapse jazz: *Mannenberg* deur Abdullah Ibrahim (Dollar Brand)**
**Ritme**

- 'n Mengsel van Afrika-, ghoema- en swing-elemente
- Ritmiese eienskappe van amaXhosa-musiek
- Beïnvloed deur 'n marabi-groef (groove)
- Stadige skoffelagtige maatslag op die tromme

*TWEE korrekte feite* (2)

**Harmonie**

- Drie-akkoord herhalende siklus
- Gebaseer op 'n marabi akkoordsiklus
- Die buitelyne van die harmoniese progressie word deur die klavier gesuggereer
- Die buitelyne van die harmoniese beweging word deur die baslyn gesuggereer

*TWEE korrekte feite* (2)

**Tekstuur**

- Hoofsaaklik homofonies
- Elemente van roep-en-antwoord/oorvleueling

*EEN korrekte feit* (1)

*VYF korrekte feite*
*Maksimum van 2 punte per aspek* **[5]**

## VRAAG 14

14.1 **Kunstenaar**

- Dollar Brand (later Abdullah Ibrahim) op klavier
- Kippie Moeketsi op altsaksofoon
- Jonas Gwangwa op tromboon
- Hugh Masekela op trompet
- Johnny Gertze op baskitaar
- Early Mabuza of Makaya Ntshoko op tromme

*TWEE korrekte antwoorde*

14.2
- The Jazz Epistles, Suid-Afrika se eerste belangrike bebop-orkes, maak hul verskyning gedurende die 1950's
- Hulle maak bebop en hard bop gewild wat deur ander Suid-Afrikaanse orkeste aangewend is
- 'n Kenmerkende Suid-Afrikaanse klank ontwikkel oor die jare
- Die meeste orkeslede was in ballingskap en het hul styl verder ontwikkel deur kontak met Europese musikante en het hul nuutgevonde kennis en vaardighede teruggeploeg in die Suid-Afrikaanse konteks met hul terugkeer
- Hierdie jazz-ikone word hooggeagte, individuele kunstenaars, wêreldwyd
- Al die lede van The Jazz Epistles komponeer hul eie oorspronklike materiaal
- 'n Groot versameling van werke is geskep wat die kultuur en tradisie van hul Afrika-oorsprong bevestig
- Hulle was die eerste Suid-Afrikaanse groep om 'n moderne avant-garde jazz-klank te ontwikkel wat 'n diepgaande invloed op hul luisteraars uitgeoefen het
- 1959: Eerste album deur 'n swart Suid-Afrikaanse orkes, *Jazz Epistle, Verse 1*
- 1959: Die musikante was betrokke by die gewilde Suid-Afrikaanse jazz musiekblyspel, *King Kong*, wat oorsee getoer het

*SES korrekte feite*
*(Antwoorde mag besonderhede oor die voorgeskrewe werk weergee)* **[8]**

## VRAAG 15

**Voorbeeld van 'n inleiding**
Kwêla is penniefluit-gebaseerde, jive-musiek met marabi invloede wat gedurende die 1950's populêre opgang gemaak het.

**Harmonie**
- Gebruik die tipiese twaalfmaat-blues progressie
- Sikliese harmoniese progressies is algemeen
- Voorbeelde van akkoordprogressies:
  - I – IV – $I^6/_4$ –V
  - I – I – IV – V
- Die harmoniese siklus duur gewoonlik twee of vier mate lank
- Harmoniese ritme word op 'n halfnoot in 'n 4/4-maat (halfmaat) gebaseer

**Melodie**
- Kort herhalende melodiese motiewe
- Is in noue verband met die akkoordnote van die harmoniese progressie
- Gebroke-akkoordnote dien as 'n prominente kenmerk van kwêla-melodieë
- Toonleerpassasies kom algemeen voor
- Penniefluitmelodieë is hoofsaaklik in 'n majeurtoonsoort
- Solomelodieë word soms versier en ontwikkel deur middel van improvisasie

**Ritme**
- Die ritme word as 'n skoffeldans beskryf 
- Die basiese ritme in kwêla word deur die kitaar eerder as die tromstel verskaf
- Die perkussielyn versterk hoofsaaklik die kitaarparty
- Kwêla word ge-swing en bevat blues-agtige 'breaks'
- Tromstel gebruik soms die 'kick' of 'fill' om die einde van 'n viermaatsiklus of vers aan te dui
- Sommige penniefluitkomposisies word op Latyns-Amerikaanse ritmes gebaseer
- Die ritmiese basis van kwêla is afkomstig van 'n enkelvoudige vierslagmaat ($^4/_4$) en swing-gevoel soos in 'n tipiese Count Basie big band
- In sommige liedere word 'n subtiele twee-teen-drie kruisritme tussen die instrumente gehoor
- Die afwissel-tegniek (of hoketus) is prominent in komposisies wat uitroepe of 'n gefluit op die agstenote tussen maatslae bevat

*SES korrekte feite*
*Ten minste EEN feit van elke element*

**Populêre opgang**

- Kwêla was hoofsaaklik in Sophiatown gedurende die 1950's gevind
- Kwêla vind sy oorsprong in:
  - Amerikaanse Jazz
  - Boogie-Woogie
  - Marabi
- Word gesien as 'n simbool van weerstand teen onderdrukking
- Straatkunstenaars het hul penniefluite gebruik om ander te waarsku wanneer die polisie arriveer
- Die gewildheid van kwêla bring Suid-Afrika onder die aandag van die wêreld en help om bewusmaking van die politieke omstandighede weens apartheid te skep
- Die penniefluit het 'n noue verband met die tradisionele blaasinstrumente (fluite) van die inheemse kulture gehad
  - Dit kom ooreen met 'n groot verskeidenheid fluite wat in tradisionele musiek gebruik word (soos die tradisionele fluit met drie vingergaatjies wat deur die veeherders gebruik is)
  - Dit was 'n goedkoop/bekostigbare en draagbare instrument
  - Dit kon as beide 'n solo- of ensemble-instrument gebruik word
  - Ideaal vir straatmusikantsuitvoering (individuele uitvoering op straat)

*VIER korrekte feite*

**Kunstenaar en Trefferliedjie/Album**

- Spokes Mashiyane – *Banana ba Rustenburg; Phata, Phata*
- Lemmy Mabaso – *See you later*
- Elias Lerole – *Mafikeng*

*TWEE korrekte antwoorde*
*EEN lied/album en EEN ooreenstemmende kunstenaar*

**Voorbeeld van 'n slotparagraaf**

Kwêla vestig sigself as 'n oorspronklike Suid-Afrikaanse styl en gaan voort om deel van die inheemse Afrika-musiekidentiteit te vorm.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| Elemente | | | 6 |
| Populêre opgang | | | 4 |
| Kunstenaar en trefferliedjie/album | | | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Redelik***<br>*'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar***<br>*Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**

**OF**

## AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

*Nota aan die nasiener: Alhoewel die nasienriglyne puntsgewys gegee word, mag die kandidate in vol sinne antwoord.*

### VRAAG 16

**Antwoord:**

16.1
16.1.1 B
16.1.2 C
16.1.3 D
16.1.4 B
16.1.5 D

*5 x 1* (5)

16.2
- Orkeswerk (Abstrak /absolute musiek)
- Gewoonlik in vier bewegings

*TWEE korrekte feite* (2)

16.3 Toonsoort: F Majeur
Vorm: Sonate-Rondo

*TWEE korrekte feite* (2)

16.4
16.4.1 WAAR
16.4.2 ONWAAR
16.4.3 ONWAAR *3 x 1* (3)

16.5
- Die gevolg van 'n besoek aan Skotland en die Buite-Hebride-eilande
- Hy is geïnspireer om die area te skets en oor sy emosionele reaksie en ervaringe daar te skryf

*Enige EEN* (1)

16.6 Standaard Klassieke simfonie-orkes *1 punt* (1)

16.7 Gebruik funksionele/tonale harmoniese progressies met beperkte chromatiek

*1 punt* (1)
**[15]**

**VRAAG 17**

**Vormtipe**
- Saamgestelde drieledige vorm
- A (Menuet) - B (Trio) - A (Menuet)
- Elke groot seksie (ABA) het subseksie/onafhanklike vormtipes, bv. afgeronde tweeledige vorm of drieledige vorm
- Die instruksie 'da capo al fine/da capo Menuetto' na die Trio-seksie dui 'n herhaling van die Menuet aan
- Die instruksie 'Fine' aan die einde van die Menuet-seksie dui die einde van die stuk aan (indien geen herdruk van A nie)
- Verskyn as die derde beweging van 'n langer Klassieke vier-beweging werk soos 'n sonate of simfonie

*TWEE korrekte feite*
*Woord 'drieledig' alleen = ½ punt*
*1 punt vir A (Menuet) - B (Trio) - A (Menuet)*
*slegs ½ punt vir elke instruksie (da capo en Fine)*

**Karakter**
- Matige tempo
- Statig, gestileerde dans-karakter oorspronklik, later ligter en vinniger en word eindelik 'n Scherzo
- Eenvoudige drieslagmaat
- Trio is 'n kontrasterende seksie (genoem 'trio' omdat dit oorspronklik vir drie instrumente/partye geskryf is)

*DRIE korrekte feite*

**Gebruik van toonsoorte**
- Menuet (as derde beweging) is in die tonika toonsoort van die sonate of simfonie
- Menuet-seksie begin en eindig in die tonika toonsoort
- Trio-seksie is in 'n verwante toonsoort van die Menuet (soms in die tonika mineur)
- Beide die Menuet- en Trio-seksies sal tipiese toonsoortverhoudings hê wat in afgeronde tweeledige vorm en drieledige vorm gevind word

*TWEE korrekte feite*

**[7]**

**VRAAG 18**

- Titel: Donderstorm/Storm
- Die aankoms, hoogtepunt en afloop van 'n donderstorm word realisties deur die gebruik van musiek uitgebeeld
- Beweging onvoorspelbaar en vol verrassings
- Die algemene geweld van die storm – Allegro tempo-aanduiding
- Wye dinamiese omvang en uiterste dinamiekwisseling om die veranderende aard van die storm uit te beeld
- Gebruik 'n mineur toonaard – help om die verontrustende atmosfeer van die storm uit te beeld
- Lae rammeling dien as waarskuwing van die naderende storm - *pp* tremolo in die verbindingspassasie tussen die 3de en 4de bewegings
- Eerste groot rammeling van die donder – gebruik die timpani saam met lae kwintoplette in die tjello's en kwadroplette in die kontrabasse
- Eerste reëndruppels - *pp* staccato agstenote in die openingsgedeelte
- Opbou van spanning en opwinding van die storm - *ff* tremolo arpeggios in hoë strykers/chromatiese baslyn
- Skrikwekkendheid van die storm – gebruik die piccolo met skril, hoë note/verminderde akkoorde
- Klimaks van die storm – gebruik van twee trombone om die donker toonkleur/atmosfeer te versterk
- Weerligstrale – dartelende arpeggio-figure in die strykers
- Lae rammeling teen die einde – triool-figure in die kontrabas wat die geleidelike vertrek van die storm aandui

*VYF korrekte feite* **[5]**

**VRAAG 19**

**Agtergrond**
- Orkes ontwikkel uit die Barok-ensembles/orkeste
- Die orkes was klein aan die begin van die Klassieke periode (strykers plus horings, fluit en hobo)
- Mannheimskool word gesien as die mees sentrale entiteit vir die ontwikkeling van die orkes
- 'n Oplewing in die aanvraag na konserte (konsert-reekse) help ook om die orkeste te laat groei en om musiek aan die breër publiek bekend te stel
- Die orkes word 'n veelsydige 'instrument' in die klassieke era met 'n groot verskeidenheid van moontlikhede in toonkleur, ritme en dinamiek

*TWEE korrekte feite*

**Instrumentasie**

- Die uitleg/opstelling van die vier instrument-groepe word vasgestel
- Die orkes sluit nou 'n gestandaardiseerde houtblaasseksie in met twee instrumente van elke soort
- Die klarinet word vir die eerste keer ingesluit
- Basso continuo word nie langer gebruik nie en die klavesimbel word weggelaat
- Elke seksie van die orkes het 'n spesifieke rol, bv.
    - groot strykerseksie met viole wat die hoofmelodie speel
    - tjello en kontrabas kry onafhanklike parte op die partituur wat 'n addisionele tenoor- en basparty skep
    - houtblasers verskaf kontrasterende toonkleur, klankverskeidenheid en speel soms melodiese solopassasies
    - verdubbelde instrumente in die houtblasers speel 'n bindings-/vullingsrol
    - die koperblasers (Franse horings en trompette) verskaf krag aan die luider passasies en versterk die klank en harmonie in die middelregister.
    - koperblasers en perkussie (twee timpani) se gebruik is beperk tot *ff*-gedeeltes
- Mozart voeg trombone by in sy operapartiture

*VIER korrekte feite*
*Maksimum 1 punt per instrumentgroep*

**Mannheim-orkes**

- Ontwikkel uitvoertegnieke:
    - tremolo's
    - arpeggio's as aanvangspassasie
    - gekoördineerde strykrigting
- Ontwikkel komposisietegnieke:
    - die vuurpyl-motief
    - sug-motief
- Word bekend vir die effektiewe, presiese en gevarieerde gebruik van dinamiek
    - gebruik van 'n skielike *sfz*
    - gebruik van crescendo's en decrescendo's

*TWEE korrekte feite*
*Minimum van 2 punte per opskrif*

**[8]**

**VRAAG 20**

**Voorbeeld van 'n inleiding**
Die duet word gesing deur Papageno en Papagena, is lighartig van karakter en die speelse ontmoeting tussen die twee word deur die musikale inhoud uitgebeeld.

**Karakters:**
- Papageno: Bariton
- Papagena: Sopraan
- Effens lomp, eiesoortige en komiese karakters
- Gewone mense
- Verteenwoordig die eenvoudige dinge in die lewe met min erg aan grootsheid

*VIER korrekte feite*

**Konteks: (Storielyn/Teks**)
- Kom voor in die Tweede Bedryf aan die einde van die opera
- Die lied handel oor Papageno, die voëlvanger, wat vir niks groots bestem is nie, maar wat net wil omsien na sy basiese behoeftes, bv. kos, drank en die droom om eendag te trou, kinders van sy eie te hê en vir altyd gelukkig te lewe
- Papagena se wens is om vir altyd gelukkig te lewe
- Die twee karakters sing 'n voëlagtige soort paringsdans wat handel oor hul toekomsdrome wat kinders, 'Pa-Pagena! Pa-Pageno!' insluit
- Verskaf komiese verligting in die opera

*TWEE korrekte feite*

**Musikale eienskappe:**
**Tipe lied**
- Duet

**Stemtipes**
- Papageno: Bariton
- Papagena: Sopraan

*Bepunt stemtipes slegs EEN keer*

**Melodie**
- Eenvoudige volksmelodie verteenwoordig gewone mense
- Papageno verskyn in speelse luim (nou verbind aan sy komiese karakter)
- Papagena boots hom onmiddellik na en dan gaan die lied voort op die afwisselende trant – dui op 'n sekere vlak van intimiteit tussen die karakters
- Geen melismas of onnodige versiering word gebruik nie – die eenvoudige natuur van gewone mense is duidelik
- Kort, eenvoudige melodieryke frases – ongekunsteld

**Harmonie**
- Eenvoudige, konsonante harmonie, met V – I herhalings

**Tekstuur**
- Begin met 'n vraag-en-antwoord tekstuur wat die kommunikasie tussen die karakters bevestig
  (Papageno …Pa..pa pa… beantwoord deur Papagena… Pa..pa pa…)
- Homofoniese, orkestrale begeleiding (strykers, houtblasers en horings)
- Yl tekstuur

**Begeleiding**
- 'n Laag van strykers ondersteun die stemme
- Ligte/Deursigtige begeleiding

**Artikulasie**
Meestal staccato vir die stemme en instrumente – dra by to die speelsheid en ongeërgde natuur van die karakters

*SES korrekte feite*

**Voorbeeld van 'n slotparagraaf**
Papageno en Papagena druk hulle vreugde en genoegdoening in hierdie duet uit. Die werk is 'n paslik lighartige moment in die opera met komiese en vermaaklike eienskappe, wat herinner aan die komieklike *opera buffa.*

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING | | |
|---|---|---|---|
| Karakters | | | 4 |
| Konteks | | | 2 |
| Musikale eienskappe | | | 6 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | ***Uitstekend***<br>*'n Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 3 punte* | 3 |
| | ***Goed***<br>*'n Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 2-2½ punte* | |
| | ***Redelik***<br>*'n Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1½ punte* | |
| | ***Ondergemiddeld***<br>*'n Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel teenwoordig* | *= 1 punt* | |
| | ***Swak***<br>*'n Enkel paragraaf: swak poging met die skryf van 'n opstel* | *= ½ punt* | |
| | ***Nie aanvaarbaar***<br>*Feite puntsgewys aangebied* | *= 0 punte* | |
| **TOTAAL** | | | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou